DIENSKONTRAK

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN:

_____

met adres te:

_____

_____

hierin verteenwoordig deur _____ behoorlik daartoe gemagtig

(hierna die "**WERKGEWER**" genoem)

EN

_____

met adres te:

_____

_____

(hierna die "**WERKNEMER**" genoem)

INGEVOLGE WAARVAN DIE PARTYE SOOS VOLG OOREENKOM:

1. **AANSTELLING**:

Die **WERKNEMER** word hiermee as _____ in diens van die **WERKGEWER** aangestel welke aanstelling die **WERKNEMER** hiermee aanvaar.

2. **DUUR**

2.1 Hierdie ooreenkoms tree in werking vanaf _____ (datum) en dit sal vir 'n onbepaalde tyd voortduur totdat dit in terme van hierdie ooreenkoms beëindig word.

2.2 Die **WERKNEMER** se aanstelling (in geval van 'n nuwe aanstelling) is onderhewig aan 'n twee (2) maande proeftydperk gedurende welke periode die **WERKGEWER** die reg het om die dienste van die **WERKNEMER** aan die hand van 'n substantiewe en billike rede te beëindig. Een week skriftelike kennisgewing van beëindiging van diens sal aan die werknemer gegee word, voor verstryking van die proeftydperk.

©SAMA COPYRIGHT

2.3 Substantiewe en proseduriële billikheid sluit in dat die **WERKNEMER** geregtig is op ‘n geleentheid om op aantuigings te antwoord en om ‘n beslissing vanaf die **WERKGEWER** te ontvang. In hierdie proses sal die **WERKGEWER** aan die regsvereistes van dissiplinêre optrede voldoen.

3. DIE WERKNEMER SE VERPLIGTINGE

3.1 Die basiese verpligting van die **WERKNEMER** teenoor die **WERKGEWER** hou in die verpligting tot die uitvoering van die **WERKGEWER** se regmatige opdragte; die verpligting tot goeie trou; die verpligting tot sorgsaamheid; en die verpligting tot redelike bekwaamheid en bevoegdheid.

3.2 Sonder om enigsins die omvang van gemelde verpligtinge te beperk, is die **WERKNEMER** verder verplig om die bepalings van hierdie ooreenkoms stiptelik na te kom, om nie enige van die **WERKGEWER** se eiendom wan aan te wend nie, nie geregtig om vertroulike inligting wat in die loop van sy / diens verkry is te openbaar nie, en hom / haar te hou aan die algemene gedragskode in die werkplek teenoor mede-werknemers, kliënte en pasiënte.

3.3 Die **WERKGEWER** onderneem om ‘n pligtestaat op te stel wat in ooreenstemming met die **WERKNEMER** se posbeskrywing sal wees en hierdie staat sal op die personeellêer van die **WERKNEMER** gehou word.

4. WERKPLEK

Daar sal van die **WERKNEMER** verwag word om sy / haar diens te lewer te die volgende kantore: _____
met dien verstande dat daar van die **WERKNEMER** vereis kan word om op verskillende plekke te werk nadat die **WERKNEMER** skriftelik daarvan in kennis gestel is.

5. DIENSURE

5.1 Diensure sal wees vanaf 08h00 tot 17h00 vnaf Maandag tot Vrydag. Daar sal van die werknemer verwag word om Saterdae vanaf _____ tot _____ te werk. Die werkgewer sal nie van die werknemer verwag om meer as 45 ure per week normale ure te werk nie.

©SAMA COPYRIGHT

5.2 Die **WERKNEMER** sal geregtig wees op ‘n etenspouse van 30 aaneenlopende minute. Onderbrekings word normaalweg nie toegelaat nie, alhoewel bedryfsomstandighede ‘n onderbreking kan regverdig, waarna die ekwivalente tyd aan die werknemer afgegee sal word.

5.3 Met aanvaarding van hierdie kontrak verklaar die werknemer hom/haar bereidwilligheid om oortyd te werk. Oortyd sal op redelike versoek deur die **WERKNEMER** verrig word en die **WERKGEWER** sal die werknemer ooreenkomstig die Wet op Basiese Diensvoorwaardes vergoed.

6. VERGOEDING

Die **WERKNEMER** sal geregtig wees op die volgende vergoeding:

6.1 ‘n Maandelikse salaris van R _____

6.2 **(Opsioneel)** ‘n Jaarliks diskressionere bonus gelykstaande aan een maand se salaris sal aan die **WERKNEMER** betaal word gedurende die **WERKNEMER** se verjaarsdagmaand (*of: in die maand van Desember). Die betaling van sodanige bonus sal eers na die verloop van 12 maande aaneenlopende diens in werking tree.

6.3 Die **WERKNEMER** gee hiermee toestemming dat die **WERKGEWER** aftrekkings soos gemagtig deur enige wetgewing van sy/haar salaris mag doen.

7. VERLOF

7.1 JAARLIKSE VERLOF

7.1.1 Die **WERKNEMER** is geregtig op 21 (EEN EN TWINTIG) opeenvolgende dae verlof in ‘n jaarlikse verlof siklus.

7.1.2 Die verlof sal deur die **WERKGEWER** toegestaan word vanaf ‘n datum soos deur hom / haar bepaal ter enige tyd maar nie later as 6 (SES) maande na die voltooiing van die 12 (TWAALF) maande verlof siklus nie.

7.1.3 By beëindiging van die **WERKNEMER** se diens sal die **WERKGEWER** aan die **WERKNEMER** sy / haar volle salaris betaal ten opsigte van verlof wat die **WERKNEMER** toegeval het maar nie aan hom / haar toegestaan is voor die datum van beëindiging van diens nie.

©SAMA COPYRIGHT

7.1.4 Die **WERKNEMER** is nie geregtig om verlof op te hoop nie en verbeur alle verlof nie geneem nie.

7.2 SIEKVERLOF

Die **WERKNEMER** is geregtig op siekverlof gedurende ‘n verlof siklus van 36 (SES EN DERTIG) maande.

Die **WERKNEMER** sal geregtig wees op siekverlof gelykstaande aan die aantal dae normaalweg gewerk gedurende ‘n 6 (SES) weke periode. Gedurende die eerste 6 (SES maande van aaneenlopende diens by die **WERKGEWER** sal die **WERKNEMER** geregtig wees op 1 (EEN) dag siek verlof vir elke 26 (SES EN TWINTIG) dae gewerk.

Die **WERKNEMER** moet aan die **WERKGEWER** ‘n mediese sertifikaat verskaf wanneer aansoek gedoen word vir siek verlof. Die mediese sertifikaat moet uitgereik wees en onderteken wees deur ‘n mediese praktisyn of persoon wat gesertifiseer is om diagnoses te maak en pasiënte te behandel en wat geregistreer is by ‘n professionele raad.

7.3 KRAAMVERLOF

7.3.1 Die **WERKNEMER** is geregtig op onbetaalde kraamverlof vir ‘n maksimum periode van VIER (4) maande, welke verlof ‘n aanvang mag neem, VIER (4) weke voor die geboorte, tensy anders op ooreengekom word of op ‘n datum soos deur ‘n mediese praktisyn bepaal met inagneming van die **WERKNEMER** of ongebore kind se gesondheid.

7.3.2 Die **WERKNEMER** sal die **WERKGEWER** ten minste 4 (VIER) weke voor die aanvang van die kraamverlof, van die betrokke datums in kennis stel.

7.3.3 Die **WERKNEMER** mag nie werk vir ‘n periode van 6 (SES) weke na die geboorte nie, tensy ‘n mediese praktisyn anders sertifiseer.

7.3.4 Na sodanige kraamverlof sal die **WERKNEMER** geregtig wees om haar diens by die **WERKGEWER** te hervat.

©SAMA COPYRIGHT

7.4 VERLOF VIR GESINSVERANTWOORDELIKHEID

Gedurende elke jaarlikse verlof siklus sal die **WERKNEMER** geregtig wees op drie dae betaalde verlof. Die **WERKNEMER** sal geregtig wees om verlof te neem in die volgende gevalle:

7.4.1 Wanneer die **WERKNEMER** se kind gebore word; of

7.4.2 Wanneer die **WERKNEMER** se kind siek is; of

7.4.3 In die geval van dood van die **WERKNEMER** se ouer, aangenome ouer, grootouer, kind, aangenome kind, kleinkind, broer of suster.

7.4.4 Sodanige verlof kan geneem word ten opsigte van ‘n hele of ‘n gedeelte van ‘n dag, en is die **WERKGEWER** geregtig op redelike bewys alvorens sodanige verlof toegestaan word.

Die **WERKGEWER** sal geregtig wees om van die **WERKNEMER** te verwag dat hy/sy redelike bewys moet voorle van die gebeurlikheid waarvoor aansoek gedoen word vir verlof.

Verlof nie geneem gedurende die betrokke verlofsiklus word verbeur aan die einde van die verlof siklus.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE

Die **WERKNEMER** is geregtig op sodanige openbare vakansiedae as wat deur wetgewing bepaal mag word. Betaling aan die **WERKNEMER** sal geskied in terme van die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 75 van 1997, soos gewysig.

9 BEëNDIGING

9.1 Hierdie ooreenkoms kan deur enige een van die partye beëindig word deur die gee van EEN (1) maand skriftelike kennisgewing van sodanige beëindiging, die een aan die ander.

©SAMA COPYRIGHT

9.2 Sodanige kennisgewing kan slegs gegee word op die 1ste dag van daardie besondere maand en kennisgewing deur die **WERKGEWER** mag nie gegee word gedurende die verloftydperk waarop die **WERKNEMER** ingevolge hiervan op geregtig is nie.

9.3 Die **WERKGEWER** mag hierdie kontrak beëindig op grond van wangedrag, waartydens ‘n korter kennisgewing tydperk van diensbeëindiging gegee mag word. Diensbeëindiging op grond van wangdrag sal geskied in terme van die vereistes gestel deur die Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995, soos gewysig.

10. DIENSSERTIFIKAAT

By beëindiging van diens is die **WERKNEMER** geregtig op ‘n dienssertifikaat met sodanige besonderhede daarin vervat soos wat die Wet op Basiese Diensvoorwaardes vereis.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE _____
Op hierdie _____ dag van _____ 20_____

_____
WERKGEWER

_____
WERKNEMER

AS GETUIES

1. _____

2. _____

©SAMA COPYRIGHT